



Kraggakamma  
**Gemeente**  
*Die is God se freetuin van liefde*

**Kuberkamma**

27 Oktober 2019

Matteus 9 vers 42

*"Wie dan aan een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sal sy beloning kry. Dit verseker ek julle."*

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.](#)

### Program vir die Dag

08h30 Eietydse diens in die kerkgebou

09h45 Kategese

10h00 Klassieke diens in die kerkgebou

15h00 Lofsang geleentheid in die kerkgebou deur Cantando@Algoa en ander kore

Die deurdankoffer gaan vir Cala

### Program vir die Week en die vakansie

28 Oktober	12h45	Gebedskild in gebedskamer
	18h30	ViA Afsluiting in die saal
29 Oktober	19h00	Leef@Kerk
1 November	05h00	Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68
3 November	09h00	Nagmaal en inwyding van die verbeterde kerkgebou
8 November	16h00 tot 20h00	Kersmark

[Die kommuniekamma is van Saterdag op die webwerf beskikbaar.](#)

### Nuusbrokkies

#### **Sake vir gebed**

Bid vir almal wat betrokke is by die VGKSA van Cala. Lees [hier](#) meer oor die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suid Afrika

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

#### **Preke**

Ds MG se preek van 13 Oktober is op die [webwerf](#) beskikbaar.



## There4-Bedieninge:

Hierdie week se **gebedsversoek** is vir Christene in Mexico:

Bid saam dat die Mexikaanse regering die outonomie van inheemse gemeenskappe wat vrye teuels gegee word, sal beperk, wat die menseregte van Christen-bekeerlinge in Mexiko skend en lede van godsdiensstige groepe teister.

[Foto](#)

## Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

28 Oktober	Danie Cronjé, Izak de Meyer, Lynette Rust en Claudette Whittal
29 Oktober	Johannes Brophy, Yolande Gerber, Etienne Janse van Rensburg en Liane Vlok
30 Oktober	Charmaine de Klerk, JD le Roux en Leon Pienaar
31 Oktober	Lydia Grobler, Lynette Lotter, Marthinus Nienaber, Anke-Mari Roets en Annalien van Rooyen
1 November	Anita Caalsen, Stefan Gerber, Leah Hedderwick en Lucil Hiscock
2 November	Christiaan van Niekerk



## Padkos

### **Wees 'n lewende biblioteek vol hemelse wysheid**

Ek lees onlangs van een kerklike argief wat reken dat hulle oor die drie kilometer se kerklike dokumente daar huisves. Dit dien as 'n stoorplek van belangrike dokumente en informasie. Nou ja, dit is een ding om sulke informasie te stoor, en iets anders om dit effektief te gebruik. Kennis wat nie gedurig in aksie omgeskakel word nie, is "onbekende" kennis, "rustende" kennis, "slapende" kennis... Uiteindelik word dit "sterwende" kennis. Kennis is belangrik. Kennis moet ook gestoor word. Maar indien kennis nie gereeld in aksie omgeskakel word wat ons geloof betref nie, is dit maar net nog 'n rak vol kennis. Met name leer Spreuke vir ons dat ons wyse mense moet wees. Wysies is wandelende stoorplekke en aktiewe verspreiders van die Here se kennis. Hulle leef sy kennis en wysheid konkreet uit. Hoe? Wel, hulle vrees die Here soos wat Spreuke 1 sê. Hulle systap dwase. Hulle help graag mense in nood. Hulle deel die Here se wysheid gedurig met ander. Hulle is lewende biblioteke propvol hemelse wysheid. Wees asseblief so iemand. Skakel daardie belangrike kennis oor God in die Bybel om in praktiese wysheid deur elke dag op die Here se pad te leef.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert <http://www.ekerk.org/>]

## *Kuergroete tot volgende keer*

[2019-07-28]



Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. [www.getsnapscan.com](http://www.getsnapscan.com)